non-profit company
maatskappy sonder winsoogmerk
company registration no / maatskappy registrasieno
2008/007505/08

BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 200 JAAR

DANKGEBED

Almagtige en ewige God,

Ons dank U vir 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika. Ons dank U dat U deur u genade vir ons voorsien het. Ons dank U vir vrugbare samewerking tussen die kerke en die Bybelgenootskap. Dankie vir die baie Bybelvertalings wat voltooi is en die miljoene Bybels wat tallose mense in staat gestel het om u Woord te verstaan. Ons dank U vir almal wat deur die jare getrou gewerk het en vir diegene wat steeds met die taak besig is. Ons dank U ook vir almal wat oor die jare heen hierdie werk so mildelik ondersteun het en vir diegene wat dit steeds doen.

Lei en seën die werk van Bybelgenootskappe, hier in Suid-Afrika en regoor die wêreld, sodat alle mense in ons land en in die res van die wêreld u stem in die taal van hulle hart kan hoor.

Versterk diegene wat by hierdie Bybelbediening betrokke is sodat die lig van u Woord tot in die verste en donkerste uithoeke van die aarde sal skyn.

Help ons om 'n einde te maak aan Bybelarmoede. Seën ons 2 Miljoen Bybels-projek.

Gee dat u Woord 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons lewenspad sal wees, en 'n baken van hoop vir almal.

Gee dat hierdie jaar waar ons 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in ons geliefde land herdenk, werklik 'n Jaar van die Bybel sal wees – 'n jaar waarin u Woord opnuut vooropgestel en u Naam verheerlik word!

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here.

Amen

p o box 5500
tygervalley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers